# GEMEENTEBULLETIN

**21 JANUARIE 2022**

## EREDIENSTE 23 JANUARIE 2022

**Filippense 3:7-11 | 'n Skoon boek vir 2022**

Oggenddiens om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Visagie (1/2)

Familiediens om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Potgieter (9/7)

Meditatiewe diens om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

Relevantdiens om 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Ackerman

## TEETUIN EN KAFETERIA IS OOP

Die teetuin in die tuin voor die kerk en die kafeteria in die markplein is weer Sondag na die oggenddienste oop. Geniet gratis tee en koffie in die teetuin. In die markplein, met tafels en sitplek, is cappuccino, tee, koffie en eetgoed te koop.

## NUWE LIDMATE

Meld asb. Sondag na die diens by die betrokke leraar of die inligtingstafel aan, of stuur jou besonderhede aan odette@stellenberg.co.za sodat ons jou persoonlik kan kontak en verwelkom.

## MANNEBRAAI EN LOFSPRYSINGSAAND

Die mannebediening nooi alle mans in die gemeente en ook diegene buite die gemeentegrense na die mannebraai en lofprysingsaand op Vrydag 18 Februarie om 18:00 in die markplein en die kerk.

## KATEGESE-REGISTRASIE 2022

Registreer asseblief jou kinders aanlyn vir 2022-kategese. Volg die skakels op www.stellenberg.co.za. Dit is 'n vinnige proses. Ons doen 'n beroep op ouers om asseblief alle kinders vir kategese te registreer, al was hulle voorheen by die kategese ingeskakel. Ons wil graag weet vir hoeveel kinders ons voorsiening moet maak. Sondag-oggend sal daar na die familiediens helpers in die kleinsaal wees om ook met die registrasieproses behulpsaam te wees.


### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

## ANNIBRAND JUNIOR EN SENIOR

Annibrand Junior ontmoet Sondag om 10:00, na die familiediens, in die kleinsaal vir 'n Annibrand-verwelkoming. Die jongklomp (almal vanaf graad 1 tot 7) sal met iets kouds bederf word en helpers sal ook beskikbaar wees om ouers met registrasie of algemene navrae te help.

Alle graad 8 tot 11's moet asseblief om 18:00 by die Relevantdiens in die kerk aanmeld. Sien jou daar!

## AFSKEIDSPREEK DS. CALLIE VISAGIE

Ds. Callie Visagie tree einde Januarie 2022 af. Sy afskeidspreek is op Sondag 30 Januarie om 09:00 in die kerk. Die familie- en meditatiewe dienste skakel ook by dié spesiale erediens in. Na afloop van die erediens sal tee, koffie en verversings op die terrein bedien word.

## BEVESTIGING VAN DS. JOHAN VISSER

Ds. Johan Visser is in 2021 (in ds. Callie Visagie se plek) na die gemeente beroep. Hy word op Sondag 6 Februarie om 09:00 tydens die oggenddiens in die gemeente bevestig. Die familie- en meditatiewe dienste sal ook by sy bevestigingsdiens inskakel. Daar is dus geen familie- of meditatiewe diens op 6 Februarie 2022 nie.

## EREDIENSTE OP 30 JAN EN 6 FEB

Neem asseblief kennis dat daar op Sondag 30 Januarie, tydens die afskeidsgeleentheid van ds. Callie Visagie, en 6 Februarie, tydens die bevestiging van ds. Johan Visser, slegs een oggenddiens om 09:00 in die kerk sal wees. Die familie- en meditatiewe dienste skakel by die oggenddiens in om deel van die spesiale geleenthede te wees. Geen vooraf besprekings is nodig.

## 'N DAAGLIKSE GEESTELIKE DAGSTUK

Daar word vir elke dag van die jaar 'n geestelike dagstuk, saamgestel deur ons leraarspan, op ons aanlyn platforms geplaas. Die dagstuk is op die gemeente se webwerf, YouTube-kanaal of Facebookblad beskikbaar. Indien jy na die stemboodskap op jou selfoon wil luister, WhatsApp jou naam + stemboodskap na 081 045 2428.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## BYBELSKOOL | EERSTE KWARTAAL

Die Bybelboek Romeine word as die hoogtepunt van Paulus se bediening beskou. Kom verken saam met ons hoe die boodskap in Romeine – van God se genade – opnuut vir jou lewe in 2022 oopgebreek kan word. Die kursus word op Maandagaande vanaf 21 Februarie tot 14 Maart om 19:00 in die kerkgebou deur ds. Marius Breytenbach aangebied. Koste: R30 vir die handleiding. Besprekings by karin@stellenberg.co.za/021 976 4519. Die kursus sal ook aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.

## EREDIENSWERKERS WORD BENODIG

Ons het steeds 'n dringende tekort aan eredienswerkers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer per maand by 'n bepaalde erediens behulpsaam te wees met die uitdeel van bulletins, verwelkoming van kerkgangers en die bediening van die nagmaal, kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za/021 976 4519.

## HELPERS BY DIE KAFETERIA

Ons benodig helpers wat bereid is om een keer per maand vanaf 09:45 tot 10:45 op 'n Sondagoggend by die kafeteria behulpsaam te wees. Helpers skink tee en bedien eetgoed. Kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za/021 976 4519 indien jy bereid is om te help.

## LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Lees die bulletin op jou selfoon en kyk na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon deur 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428 te stuur.

## BYBELSTUDIEGROEP VIR HUISWERKERS

Ons nooi huiswerkers wat in die omgewing woon om by die Bybelstudiegroep in te skakel. Die groep word elke tweede Donderdagaand van 18:30 tot 20:00 in die markplein aangebied. Ons doen saam Bybelstudie en kuier lekker saam na die byeenkoms. Nuwe lede is baie welkom. Kontak gerus vir Anéne Nortier vir meer inligting by 083 581 6930.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 27 Jan. 14:30

Jeremia 16: Tussen oordeel en oor begin.

### HUISBYEENKOMS

Sondag 30 Jan. 18:00

2 Kor. 4:5-15: Breekbaar! Hanteer versigtig, asseblief!

### BREIGROEP

Die groep ontmoet weer op Maandag 7 Februarie om 09:30 in die markplein.

Bring jou breiwerk saam.

### WOLSKENKINGS


Die gemeente se breigroep is baie afhanklik van enige wolskenkings. Indien jy bruikbare afvalwol het, skenk dit gerus vir dié flukse breiers.

## TIENDEMAANDINSAMELING 2021

Ons is opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die spesiale insameling bydra. Die tiendemaandinsameling word in besonder vir gemeentewerk benut. Bydraes kan tot einde Februarie 2022 gemaak word.

In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as 'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend. So vorder die insameling:

2 Kor 9:10 God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.




## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Ontvang weekliks per e-pos elektroniese nuus soos die weeklikse bulletin en maandelikse Stellenberger asook die skakel na die aanlyn eredienste, deur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za te stuur.